G R O N D W E T

VAN DIE

SUIDER-AFRIKAANSE PLUIMVEEVERENIGING

Mei 2010

GRONDWET

VAN DIE SUIDER-AFRIKAANSE PLUIMVEEVERENIGING

1. **NAAM VAN VERENIGING**

Die Vereniging sal bekend staan as **"DIE SUIDER-AFRIKAANSE PLUIMVEEVERENIGING"**.

2. **DOELSTELLINGS VAN DIE VERENIGING**

2.1 Om 'n landwye organisasie in Suid-Afrika daar te stel en in stand te hou wat die filiale insluit wat daargestel is om voorsiening te maak vir die verskillende gespesialiseerde afdelings van die pluimveebedryf, sodat hierdie filiale en hulle lede doeltreffend kan saamwerk vir die ontwikkeling van die pluimveebedryf.

2.2 Om die sienswyses, doelstellings en kragte van die filiale van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging saam te snoer in belang van die hele pluimveebedryf in Suid-Afrika.

2.3 Om alle sake te bevorder wat strewe na die verbetering van die pluimveebedryf en aanverwante bedrywe in Suider-Afrika, deur die doelstellings van hierdie filiale te omvat en saam te snoer en in besonder deur :

2.3.1 Die beskerming van die pluimveebedryf teen nadelige wetgewing en enige ander bedreiging en deur die inisiëring en bevordering van, asook hulpverlening by wetgewing en regulasies wat voordelig is vir die pluimvee- en aanverwante bedrywe.

2.3.2 Die aanmoediging van pluimvee-opleiding, die uitvoer van en/of hulpverlening by navorsingswerk van 'n praktiese en wetenskaplike aard en die organisasie van seminare en kursusse.

2.3.3 Die publiseer van lektuur, tydskrifte, pamflette en omsendbriewe wat handel oor alle sake wat betrekking het op die pluimvee- en aanverwante bedrywe, en om reklame te maak in belang van die bedryf.

2.3.4 Om op te tree as arbiters by die beslegting van enige verskil in die belang van lede wat mag voorkom in enige saak rakende die pluimvee- of aanverwante bedrywe.

2.3.5 Om te handel oor enige saak wat in belang van die bedryf, die Vereniging en sy lede mag wees.

2.3.6 Insameling van statistieke van alle lede van filiale en instandhouding van geskikte databasisse vir gebruik ter bevordering van die SAPV se oogmerke.

3. **FILIALE EN LEDE**

3.1 **Lidmaatskap sal beperk wees tot die volgende :**

3.1.1 **Filiale**

Die filiale van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging bestaan uit:

3.1.1.1 Die Kuikenprodusente-organisasie.

3.1.1.2 Die Braaikuikenorganisasie.

3.1.1.3 Die Eierorganisasie.

3.1.1.4 Ontwikkelene Pluimveeboere Organisasie

Hierdie liggame sal die filiale van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging wees, elk met volle bevoegdheid betreffende sy besondere belange, maar onderworpe aan die magte van die Bestuurskomitee soos beskrywe in hierdie Grondwet en onderworpe aan die gesag van die SAPV se Kongres oor al die filiale en lede aangaande sake van gemeenskaplike belang, of in die geval van konflik tussen filiale en lede van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging.

Die Grondwette van die Kuikenprodusente-organisasie, die Eierorganisasie en die Braaikuiken-organisasie van die SAPV sal geag word om deel te wees en sal saamgelees word in samehang met hierdie Grondwet, en geen persoon wat 'n lid is van enige van hierdie filiale en wat onder die gesag van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging staan sal, in die geval van enige oortreding daarvan, gevrywaar wees op grond van 'n pleidooi van onkunde.

3.1.2 **Lewenslange Erelede**

Lewenslange Erelede mag deur die Bestuurskomitee genomineer word vir dienste gelewer. Sodanige nominasie moet deur die Kongres bevestig word. ‘n Kennisgewing van ‘n mosie vir die verkiesing van Lewenslange Erelede sal in die agenda van Kongres gepubliseer word. Lewensklange Ereelidmaatskaop mag slegs aan natuurlike persone toegeken word.

3.1.3 **Geassosieerde Lede**

Individue en organisasies wat met die bedryf geassosieer is, mag aansluit as geassosieerde lede deur die betaling van 'n fooi wat deur die Bestuurskomitee bepaal sal word. Sekere regte sal van tyd tot tyd deur die Bestuurskomitee aan sodanige lede toegeken word.

4. LEDEGELDE

4.1 Alle ledegelde en ander gelde wat betaalbaar is deur lede van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging se filiale is verskuldig en betaalbaar aan die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging op die eerste dag van Januarie van elke jaar.

4.2 Ledegelde en ander gelde betaalbaar deur lede van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging se filiale sal wees soos vasgestel in die Grondwette van hierdie filiale. Hierdie ledegelde en gelde sal van tyd tot tyd deur die komitees van die filiale vasgestel word, onderworpe aan bevestiging deur die Bestuurskomitee.

5. AFGEVAARDIGDES EN STEMREG BY KONGRESSE

5.1 **Afgevaardigdes**

Die afgevaardigdes na die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging se Kongres sal wees :

5.1.1 'n Maksimum van vyf afgevaardigdes aangewys deur die Kuikenprodusente-organisasie.

5.1.2 'n Maksimum van tien afgevaardigdes aangewys deur die Braaikuikenorganisasie.

5.1.3 'n Maksimum van tien afgevaardigdes aangewys deur die Eierorganisasie.

5.1.4 ‘n Maksimum van vyf afgevaardigdes aangewys deur die Ontwikkelende Pluimveeboere Organisasie

(**Nota:** Die afgevaardigdes na wie in 5.1 verwys word sal die twee insluit wat daardie filiaal in die Bestuurskomitee verteenwoordig.)

5.1.5 Een afgevaardigde wat die Lewenslange Erelede verteenwoordig en wat soos volg gekies sal word:

a) Nominasies sal gevra word deur die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging nie later as sestien (16) weke voor die datum van Kongres nie en moet ontvang word nie later as twaalf (12) weke voor Kongres nie.

b) Stembriefies moet aan stemgeregtigde lede gepos word agt (8) weke voor die datum van Kongres.

c) Die stemming moet afgehandel wees ten minste vier (4) weke voor die datum van Kongres en die verkose afgevaardigdes van die uitslag verwittig word.

d) As geen reaksie ingevolge bogenoemde prosedure ontvang word nie, sal die Bestuurskomitee 'n afgevaardigde aanwys om Lewenslange Erelede by die Kongres te verteenwoordig.

5.1.6 Die Voorsitter van die Suider-Afrikaanse Pluiveevereniging se Bestuurskomitee.

5.1.7 Die Bestuurskomitee mag, na goeddunke, die geheel of 'n gedeelte van die onkoste van afgevaardigdes na die Kongres dra.

5.2 **Stemreg**

5.2.1 Elke afgevaardigde waarna hierbo verwys is en wat teenwoordig is op Kongres sal een direkte stem hê. Elke afgevaardigde mag ook 'n maksimum van een stem by volmag uitbring, onderhewig aan die maksimums soos in Klousule 5.1 bepaal word.

5.2.2 Alle afgevaardigdes na die Algemene Jaarvergaderings van die filiale van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging, beskrywe in Klousule 5.1 mag die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging se Kongres bywoon en sal geregtig wees om aan enige bespreking deel te neem. Stemreg sal beperk wees tot amptelike afgevaardigdes soos omskrywe in Klousule 5.1.

5.2.3 Stemming sal deur die opsteek van hande geskied, behalwe wanneer stemming per geslote stembrief aangevra word deur 'n meerderheid van die stemgeregtigdes ten tye van 'n stemming.

6. <u>ALGEMENE VERGADERINGS</u>

6.1 **Jaarvergaderings**

6.1.1 'n Algemene Jaarvergadering, "Die Kongres van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging", sal elke jaar gehou word binne ses maande ná die afsluiting van die finansiële jaar. Die Bestuurskomitee sal die datum van Kongres vasstel, wat nie vroeër as die eerste week in Maart gehou sal word nie.

6.1.2 Die werksaamhede van die Kongres is om :

a) die Verslag van die Bestuurskomitee en die Staat van Inkomste en Uitgawe van die afgelope finansiële jaar in ontvangs te neem en te behandel;

b) sake op die Agenda te behandel;

c) die hoofkantoor van die Vereniging te bepaal. Enige voorstel om die plek van die hoofkantoor te verander moet deur 'n meerderheid van twee-derdes op Kongres goedgekeur word en met dieselfde meerderheid by die volgende Kongres bevestig word;

d) 'n Ere-President vir die Vereniging vir die lopende jaar te kies. Die Ere-President word deur die Bestuurskomitee genomineer;

e) ouditeurs vir die komende jaar aan te wys;

f) algemene sake af te handel.

6.1.3 Slegs beskrywingspunte wat van filiale, streeksfiliale van filiale, die Bestuurskomitee en Lewenslange Erelede ontvang is mag op die Agenda van die Kongres verskyn.

6.1.4 Alle beskrywingspunte vir bespreking tydens 'n Kongres en deur die Algemene Jaarvergaderings van die filiale moet die Sekretariaat ten minste agt (8) weke voor die vasgestelde datum van die Kongres bereik. Die Agendas, tesame met 'n lys van geaffilieerde lede met opgawe van hulle stemkrag by die Algemene Jaarvergaderings van hierdie filiale en Kongres, moet aan alle geaffilieerde lede gepos word nie later as vier (4) weke voor die datum wat vir Kongres vasgestel is nie.

6.1.5 Die Bestuurskomitee mag enige beskrywingspunt wat vir insluiting in die Kongres Agenda voorgelê word redaksioneel wysig en, indien nodig, wysig met dien verstande dat enige wysigings nie die basiese bedoeling soos in die oorspronklike vervat, verander nie. Die Bestuurskomitee mag enige beskrywingspunt wat voorgelê is vir die Agenda van die Algemene Jaarvergaderings van enige van die filiale ook op die Agenda van die Kongres plaas.

6.1.6 Kennisgewing van die datum van die Kongres sal ten minste agt (8) weke voor die Kongres geskied.

6.2 **Spesiale Algemene Vergadering**

'n Spesiale Algemene Vergadering mag deur die Bestuurskomitee, soos nodig, byeengeroep word. Ten minste sestien (16) weke kennis van sodanige vergadering moet aan lede per pos gegee word met opgawe van die sake waarvoor sodanige vergadering byeengeroep word, en geen ander sake as slegs die wat in die kennisgewing vermeld is mag tydens sodanige vergadering bespreek word nie.

6.3 **Voorsitter**

Die Voorsitter van die Kongres moet genomineer word deur die affiliasie of lede wie se uitnodiging die vorige jaar reeds voorgelê is deur die betrokke filiaal en aangeneem is deur daardie jaar se Kongres.

Die Bestuurskomitee sal die Voorsitter van 'n Spesiale Algemene Vergadering aanwys.

6.4 **Kworum**

Vyftien afgevaardigdes persoonlik teenwoordig en geregtig om te stem sal die kworum vir die Kongres wees of vir 'n Spesiale Algemene Vergadering deur die Bestuurskomitee byeengeroep.

By afwesigheid van 'n kworum moet die Kongres of 'n Spesiale Algemene Vergadering vir een uur verdaag, waarna die afgevaardigdes wat teenwoordig is by die verdaagde Kongres of Spesiale Algemene Vergadering 'n kworum sal vorm.

7. BEHEER

7.1 Bestuurskomitee

Die uitvoerende gesag van die Vereniging setel in 'n beheerliggaam genoem die Bestuurskomitee. Die Bestuurskomitee sal die hoogste administratiewe en beherende hoof van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging wees onderhewig aan die opdragte van die Kongres.

7.2 Samestelling en Funksionering

7.2.1 Die Bestuurskomitee sal bestaan uit 'n Voorsitter en ses aanvullende lede sowel as die voorsitters van die staande adviserende komitees wat nie alreeds op die Bestuurskomitee dien in eersgenoemde hoedanigheid nie. Die ses lede sal afkomstig wees uit die volgende filiale en genomineer wees deur die komitees van die filiale, naamlik :

a) Kuikenprodusente-organisasie - een
b) Braaikuikenorganisasie - twee
c) Eierorganisasie - twee
d) Ontwikkelene Pluimveeboere Organisasie……een

e) Die twee lede wat die filiale in b) en c) verteenwoordig sal nie albei van dieselfde provinsie wees nie.

f) Voorsitters van staande advieskomitees soos omskryf in klousule 8.2.8.

7.2.2 Aangesien lede van die Raad beide taalgroepe moet dien is dit nie alleen wenslik nie, maar ook aan te beveel dat persone aldus genomineer in staat moet wees om hulle pligte in beide landstale te verrig.

7.2.3 'n Plaasvervanger vir elke lid van die Raad moet deur die filiale en liggame wat geregtig is om te nomineer, benoem word.

7.2.4 Geen persoon wat 'n filiaal verteenwoordig mag 'n lid van die Bestuurskomitee wees nie, tensy hy in besit is van volle lidmaatskapregte van daardie filiaal van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging.

7.2.5 Lede van die Bestuurskomitee word vir een jaar gekies, naamlik vir die tydperk vanaf die verdaging van die een Kongres tot die verdaging van die volgende Kongres. Uittredende lede is herkiesbaar.

7.3 Voorsitter

7.3.1 Die Voorsitter van die Bestuurskomitee moet gekies word deur die Komitee uit sy eie geledere, elke jaar tydens sy eerste vergadering na afloop van die Kongres. Na die verkiesing van 'n Voorsitter moet die Komitee van die filiaal deur wie hy/sy genomineer is om op die Bestuurskomitee te dien versoek word om die vakature te vul wat veroorsaak is deur sy/haar verkiesing tot Voorsitter.

7.3.2 Die Bestuurskomitee moet, tydens sy eerste vergadering na afloop van die jaarlikse Kongres, uit sy lede 'n Vise-voorsitter aanwys wat in die afwesigheid van die Voorsitter al die regte en voorregte van die Voorsitter, soos omskrywe in hierdie Grondwet, sal uitoefen.

7.3.3 Die Voorsitter beklee die voorsitterskap by alle vergaderings van die Bestuurskomitee en onderkomitee-vergaderings. Hy/sy is geregtig om 'n gewone sowel as 'n beslissende stem uit te oefen.

7.4 Enige lid van die Bestuurskomitee wat in gebreke bly om twee agtereenvolgende vergaderings van die Bestuurskomitee, sonder voorafgaande verlof, by te woon moet geag word uit die Bestuurskomitee te bedank het.

7.5 Toevallige vakatures wat op die Bestuurskomitee mag ontstaan moet gevul word deur die komitee van die betrokke filiaal.

7.6 Lede van die Bestuurskomitee is verplig om hulle plaasvervangers so gou moontlik in kennis te stel wanneer hulle nie in staat is om vergaderings by te woon nie.

7.7 Die Bestuurskomitee sal vergader volgens die oordeel van die Voorsitter of wanneer ten minste ses lede van die Raad 'n vergadering van die Bestuurskomitee aanvra.

7.8 Alle lede van die Bestuurskomitee en sy onderkomitees sal geregtig wees op die vergoeding van reiskoste en ander billike uitgawes wanneer hulle Bestuurskomitee- of Komiteevergaderings bywoon.

7.9 Die kworum vir alle Bestuurskomitee- en onderkomiteevergaderings sal die lede wees wat teenwoordig is.

7.10 Die Bestuurskomitee moet by sy eerste vergadering na die jaarlikse Kongres uit eie geledere 'n Aksiekomitee aanstel. Hierdie Aksiekomitee sal bestaan uit die Voorsitter en twee lede van die Bestuurskomitee wat binne redelike afstand van die hoofkwartier van die Vereniging woonagtig is.

8. MAGTE VAN DIE BESTUURSKOMITEE

8.1 Die Bestuurskomitee sal uitvoering gee aan alle besluite wat tydens die Kongres en Spesiale Algemenevergaderings geneem is. Die Bestuurskomitee se hoofdoel is om met sake van algemene beleid te handel wat die pluimveebedryf as 'n geheel raak.

8.2 Die Bestuurskomitee sal, ten behoewe van die Suide-Afrikaanse Pluimveevereniging, die mag hê om :

8.2.1 Roerende en onroerende eiendom te verkry, dit te verkoop, dit te huur of verhuur, dit te verpag en/of 'n verband daaroor uit te neem, dit te neem of te gee as waarborg en/of om dit te vervreem op enige manier, of om dit van die hand te sit en om enige saaklike of enige

ander reg daaroor te gee of te verkry en om in die algemeen enige regshandeling daaromtrent aan te gaan;

8.2.2 Enige fondse of gelde tot sy beskikking, uit te leen en/of te belê op enige manier hoegenaamd en op sodanige voorwaardes as wat van tyd tot tyd neergelê word;

8.2.3 Geld te leen of op te neem en om lenings van enige aard te verkry en aan te gaan, en om sodanige waarborg daarvoor te gee as wat nodig mag wees;

8.2.4 Bankrekenings te open en om daarop te trek of te oortrek;

8.2.5 Wetlike stappe in te stel of te verdedig, en om enige geskil aan arbitrasie te onderwerp, en om die nodige regspraktisyns aan te stel en te vergoed in verband met sodanige wetlike stappe of arbitrasie en enige kommissie van ondersoek. In alle sodanige gevalle sal die Voorsitter van die Bestuurskomitee en dieHoof Uitvoerende Beampte van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging namens die Vereniging optree;

8.2.6 Voldoende personeel in diens te neem om die werk van die Vereniging voort te sit en hulle salarisse vasstel en hulle pligte bepaal en sal die reg hê om te suspendeer en te ontslaan. Die Hoof Uitvoerende Beampte sal geen stemreg by enige vergadering hê nie;

8.2.7 'n Aksiekomitee en onder-komitees aan te stel om te handel oor enige vertakking van die bedryf, of oor enige besondere werk van die Bestuurskomitee, enige van die doelstellings van die Vereniging uit te voer, of om die ondersoeke uit te voer betreffende enige sake rakende die bedryf;

8.2.8 Staande adviserende komitees aan te stel vir 'n tydperk van twee jaar om te handel met enige saak van gemeenskaplike belang vir meer as een filiaal. Die voorsitters van sodanige komitees sal as volwaardige Bestuurskomiteeslede dien.

8.2.9 Ander lede op die Bestuurskomitee te koöpteer, welke persone alleen in 'n raadgewende hoedanigheid mag dien;

8.2.10 Op te tree en te besluit oor enige saak wat tussen Kongresse voorkom, welke optrede of besluit nie strydig mag wees met enige besluit van die Kongres nie;

8.2.11 Enige optrede of besluit van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging se filiale, soos in Klousule 3.1 hiervan beskrywe, te veto. Die Bestuurskomitee mag optree in wat as in die beste belang van die bedryf beskou word wanneer die Bestuurskomitee ookal van oortuiging is dat enige optrede van een filiaal inbreuk maak op die belange van 'n ander. Die Bestuurskomitee mag op enige sodanige geleentheid die betrokke filiale bymekaar roep en indien nodig, deur verteenwoordiging;

8.2.12 Kantore of ander akkommodasie te huur;

8.2.13 Uitbetalings te maak betreffende die doelstellings, funksies en aktiwiteite van die Vereniging.

8.2.14 Ttoekennings van bedrae uit die SAPV se algemene fondse aan die filiale, soos beskrywe in Klousule 3.1 te maak, welke bedrae deur hierdie filiale bestee mag word;

8.2.15 enige skuldige affiliasie en hulle streeksfiliale te diskwalifiseer, dissiplinêre stappe te neem, te suspendeer of te ekspelleer vir oortredings van die Grondwet. Hierdie bepalings is ook van toepassing op enigeen wie se optrede volgens die oordeel van die Bestuurskomitee skadelik of nadelig is vir die belange van die Vereniging en/of sy filiale en hulle affiliasies en lede.

8.2.16 Enige toekennings te maak;

8.2.17 Om jurisdiksie uit te oefen oor al die filiale en hulle affiliasies en lede binne die betsek van die Vereniging se werksaamhede;

8.2.18 Elke ampsdraer wat 'n vertrouensposisie in die diens van die Vereniging beklee 'n onderneming van geheimhouding te laat aflê;

8.2.19 Om beskrywingspunte vir die Kongresagenda op te stel en in te dien;

8.2.20 Om die Ere-President van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging te nomineer;

8.2.20 Om die vergaderplek van die Algemene Jaarvergadering genoem in klousule 6.1.1 hierbo te te bepaal.

8.2.21 Enige stappe te doen om aan die bovermelde magte en doelstellings uitvoering te gee.

9. APPèL

Appèl teen die Raad se beslissing in enige van die bogenoemde strawwe mag by die Kongres aangeteken word. Die beslissing van die Kongres sal finaal wees.

10. FINANSIES

10.1 Die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging sal gefinansier word deur :

10.1.1 Ledegelde van affiliasies en lede van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging se filiale, soos beskrywe in Klousule 4.1 hiervan.

10.1.2 Donasies, kommissiegelde of tantième.

10.1.3 Enige ander middele wat deur die Bestuurskomitee goedgekeur is insluitende statutêre heffings.

10.2 Die finansiële jaar sal afsluit op die 31ste dag van Desember.

10.3 Die bates van die Vereniging, tesame met alle regte, magte en pligte wat daaraan verbonde is sal beskou word as gesetel te wees in die Bestuurskomitee.

10.4 Die fondse van die Vereniging sal gedeponeer word op rekening van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging by 'n handelsbank, soos goedgekeur deur die Bestuurskomitee, en op die rekenings sal gesamentlik geteken word deur die Voorsitter of 'n behoorlik gemagtigde lid van die Bestuurskomitee, en die Hoof Uitvoerende Beampte en/of ander persoon wat behoorlik gemagtig is, vir die doel waarvoor die Vereniging gestig is. Alle betalings moet deur die Bestuurskomitee goedgekeur en per tjek gedoen word.

10.5 Trustgelde en statutêre heffingsfondse moet in 'n aparte bankrekening gedeponeer word.

10.6 DieHoof Uitvoerende Beampte moet 'n behoorlike en korrekte verslag hou van die Vereniging se geldelike sake in 'n erkende rekenkundige vorm.

11. DOOIE AFFILIASIES

11.1 By die beëindiging van enige affiliasie of lidmaatskap, wat die geval ook al mag wees, by enige filiaal van die SAPV, om watter rede ookal, sal alle bates wat aan sodanige affiliasie of lidmaatskap behoort, oorgaan in die hande van die betrokke filiaal vir een jaar, waarna dit die

eiendom word van die Vereniging en sal daarmee, volgens die diskresie van die Bestuurskomitee, gehandel word.

11.2 By die beëindiging van enige affiliasie of lidmaatskap, wat die geval ook al mag wees, by enige filiaal van die SAPV, om watter rede ookal, sal sodanige geaffilieerde liggaam of lid ipso facto sy regte in of eise op die Vereniging en sy besittings verbeur en beëindig.

12. AMPTELIKE ORGAAN

12.1 Die Pluimveebulletin van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging, wat besit en gepubliseer word deur die Vereniging, sal die amptelike lyfblad van die Vereniging wees.

12.2 Die Bestuurskomitee mag, volgens sy diskresie, ander publiskasies as amptelike lyfblaaie erken.

13. TAAL

Engels en Afrikaans sal die amptelike tale van die Vereniging wees.

14. GRONDWET - WYSIGINGS

14.1 Geen verandering kan aan die Grondwet aangebring word nie, tensy sodanige verandering goedgekeur word met 'n twee-derde meerderheid van die stemme wat op Kongres verteenwoordig is ten tye van die stemming. Enige mosie om die Grondwet te wysig moet aan die Sekretariaat voorgelê word nie minder as agt (8) weke voor die datum van die Kongres nie.

14.2 Veranderings aan 'n beskrywingspunt wat op die Kongres se Agenda verskyn wat die Grondwet raak, moet die Sekretariaat ten minste sewe (7) dae voor die datum van die Kongres bereik.

14.3 Enige wysigings aan die Grondwet sal aan die Kommissaris van Binnelandse Inkomste voorgelê word.

15. GRONDWET - VERTOLKING

15.1 In geval van verskil of twyfel betreffende die betekenis of toepassing van hierdie Grondwet sal die vertolking van die Bestuurskomitee bindend wees vir lede tot die volgende Kongres.

15.2 In gevalle van verskil of twyfel sal die Engelse teks van die Grondwet as die amptelike Grondwet beskou word.

16. AANVULLENDE REGLEMENTE

16.1 Die Bestuurskomitee is gemagtig om, van tyd tot tyd wanneer en soos nodig, bywette of regulasies wat nie strydig met die Grondwet is nie op te stel, wat die krag sal hê asof hulle deel is van hierdie Grondwet sodra hulle deur Kongres goedgekeur is.

16.2 Bywette of regulasies mag bygevoeg, verander, of herroep word deur 'n meederheidstem by enige Kongres.

17. REGSAANGELEENTHEDE

17.1 Die Bestuurskomitee sal die Vereniging verteenwoordig in regsaangeleenthede en sal die bevoegdheid hê om regstappe in te stel en te verdedig deur of teen die Vereniging. Regsdokumente moet geteken word deur die Voorsitter enHoof Uitvoerende Beampte in ooreenstemming met besluite deur die Bestuurskomitee geneem.

17.2 Lede van die Bestuurskomitee en komitees van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging se filiale sal nie in persoonlike hoedanigheid enige verantwoordelikheid van watter aard ook al aan enige persoon of liggaam dra by die uitvoering van hulle pligte as ampsdraers van die Vereniging nie en sal skadeloos gestel word deur die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging.

17.3 Die Vereniging ag homself op generlei wyse verantwoordelik vir laste wat deur lede of van enige filiaal opgeloop is nie.

18. OPHEFFING VAN REGTE

Elke lid van 'n affiliasie van die Vereniging sal beskou word as een wat alle regte teen die Vereniging prysgegee het vir enige skade wat voortvloei uit die toepassing of deurvoering van die Grondwet.

19. ONTBINDING EN VERDELING VAN WINSTE OF VOORDELE

19.1 Die Vereniging sal sy fondse alleenlik vir belegging of vir die bevordering van die oogmerke van die Vereniging aanwend, en geen deel van die winste of voordele sal aan enige persoon uitgekeer word nie.

19.2 Indien daar, by die ontbinding van die Vereniging, en nadat al die laste afgelos is, enige eiendom van watter aard ookal oorbly, sal genoemde eiendom nie betaal of verdeel word onder die lede van die Vereniging nie, maar sal dit gegee of oorgedra word aan 'n ander instelling of instellings met soortgelyke oogmerke as die oogmerke van die Vereniging, soos bepaal deur die lede van die Vereniging voor of ten tyde van die ontbinding.

20. WINSMAKENDE BEDRYWIGHEDE

Die Vereniging sal nie enige handels- of winsmakende bedrywighede sonder die spesifieke goedkeuring van die Bestuurskomitee beoefen nie; ook sal dit nie deelneem in enige besigheid, professie of beroep wat bedryf of beoefen word deur enige van sy lede nie; ook sal dit nie finansiële bystand, persele of voortgesette dienste of geriewe wat deur sy lede vereis word vir die bedryf van enige besigheid, professie of beroep, aan enige van sy lede beskikbaar stel nie.